JAARVERSLAG 2018

Die Vlame het ‘n uitstekende jaar beleef, maar ook hartseer met die afsterwe van drie lede. Ons Kampioenskappe op Moorreesburg, was ‘n baie groot sukses. ‘n Spesiale Dank aan die skou vir die kragopwekker wat gesorg het, dat daar voortdurend krag was. Daar was ongeveer 120 perde. Die perde was van hoë gehalte en standaard, en die jong vul Berlyn, onder een jaar het gegaan aan Oubaas Lesch. Baie Hartlik geluk met so ‘n prag vul .
Die Nasionale Kampioenskappe is ‘n bewys van goeie samewerking en vooruitgang van die ras. Die wa-spanne was Hoffie van Blerk, wat die Kampioenskap gewen het, Martin, Herman, Jurie en Boeta Smit.
Die kampioenskap was ‘n groot sukses. Ons dank aan Herman Burger wat met die stalle gehelp het, en Annalie en Sarike wat die Rosette en Baniere hanteer het.

Dit was met leedwese dat ons afskeid geneem het van twee broers
Johan Kleynhans en Doors Kleynshans. Johan het op die Raad gedien, ‘n keurder, en baie kere as beoordeelaar opgetree.
Johan ons eer jou nagedagtenis.
Die stigtig van die SA Vlaamperdtelersgenootskap verseker dat die Vlaamperd voortbestaan, en dit is te danke aan Piet Serdyn een van die Stigterslede van die Genootskap en 21 jaar Voorsitter daarvan. Die Genootskap is in 1983 gestig en het sedertdien gegroei as ‘n ras, veral in die Wes-Kaap wat die skoue hier heeltemal oorheers. Piet Serdyn was vroeër altyd op die skoubaan met sy perde en “wit keppie” soos ons hom sal onthou en deesdae langs die baan om sy liefde vir die Vlame uit te leef. Piet, “ Mag die nageslag voortbou op jou erfenis.” Ons eer jou nagedagtenis.

Ons dink aan die volgende persone wat seergekry het in ongelukke.
Julia ons hoop jy sterk goed aan en ons sien jou een van die dae weer op die baan.
Stefan Snr. ons is bly jy het goed herstel, maar ons hoop en vertrou dat dit goed sal gaan met Delia en dat die operasie wat voorlê, voorspoedig sal afloop en sy gou op die been sal wees

Boetes: Oubaas Lesch het R500 betaal vir sy afrigter, Jacques Wiggins, wat met ‘n blouhemp in die Kampioenskap gery het en Martin om die vullens op sy naam geregistreer te kry.

Lutzville, was ‘n baie goeie skou en ons het baie goeie terugvoering gekry. Marietjie Smit, dankie vir jou lekker skou.

Op Malmesbury se skou het twee wa-spanne deelgeneem, Herman en Hoffie. Ons dank aan Stèphan en die skoubestuur vir ‘n goeie skou.

Heidelberg het vanjaar ‘n baie goeie skou gehad , en is ook beloon met twee wa-spanne van Martin en Jurie. Dank aan Hans-Jurie vir ‘n lekker skou.

Swellendam is ‘n skou wat oorloop van gasvryheid, etes en pragtige skoon skougronde met ablusieblokke. Ons het drie wa-spanne daar gehad van Martin, Hoffie asook Jurie Uys. Die skou is goed verteenwoordig en ons dank aan die skoubestuur, vir al hulle moeite.

Op 11 April 2018 het ons ‘n beoordeelaarskursus te Clanwilliam aangebied. Dit was ‘n reuse sukses en ons dank gaan aan Hugo Visser en Heinie Nieuwoudt, wat die kursus aangebied het, asook aan die Mostert broers en almal wat die kursus geborg het. Die saal het baie mooi gelyk met die groot baniere en die tafels met die wyn, water en glase, met die embleem van die Vlame; Sarike, Annalie en Herman wat die kursus boekies laat druk het en almal wat gehelp het om dit ‘n sukses te maak. Spesiale dank ook aan Eduard Mostert, wat met die voorstel gekom het om ‘n beoordeelaarskursus aan te bied. Ons innige dank aan die aspirant beoordeelaars,wat dit bygewoon het, en hulle tevredenheid uitgespreek het met die kursus. Daar was 50 besoekers en 21 kandidate wat die eksamen afgelê en geslaag het.

Clanwiliam, het ‘n baie goeie skou gehad met (70 perde teenwoordig). ‘n Baie goeie gees en hul gasvryheid het bygedra tot die sukses. Die klasse is goed verteenwoordig met perde en drie wa-spanne van Mostert Broers, Martin en Hoffie . ‘n Spesial Dank aan Heinie wat gesorg het vir ‘n nuwe baan en baie moeite vir die Vlame gedoen het en Bertus van der Merwe dat ons kon deel wees, met so ‘n goeie en lekker skou.

<u>Dank aan die volgende persone:</u>

* Ons borge asook Job Steenkamp.
* Die lede wat vir die tent gesorg het soos Martin en Jurie wat die skape geskenk het , Herman, Jurie, Piet Lourens, Paultjie, Japie, en Hoffie.
* Stiaan vir ‘n heerlike ete van Gebakte vis en skyfies die Saterdagaand.

* Julia vir die lekker brode wat sy gebak het.
* Indien ons iemand uitgelaat het, baie dankie. Die etes was heerlik om die braaivleis vure saans.

Laaste maar nie die minste nie, aan al die lede wat die Kampioenskappe en die Beoordeelaarkursus so ‘n groot sukses help maak het, sê Martin: **“baie, baie dankie”**

Baie dankie aan al die skoubesture waaraan ons deelgeneem het en wat gehoor gegee het aan ons vereistes, ons waardeer dit baie. Daar is goeie samewerking tussen die genootskap, die verskillende skoubesture en die beoordeelaars. Spesiale dank aan hulle, vir hulle opofferings.

Ten slotte, net ‘n paar dankies vir die jaar. Aan die Raad en sy lede, dankie vir julle ondersteuning en bydraes vir die afgelope vier jaar wat ek President was, dit was vir my ‘n voorreg om saam met julle te werk. Ons kan met trots terugkyk op ‘n geseënde jaar. Aan Japie van der Westhuizen en sy personeel, by Stamboek, nogmaals dankie vir jul bydrae, asook ons Boekhouers, Bester en Vennote.

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader vir hierdie pragperde wat Hy in ons sorg en verantwoordelikheid geplaas het. Mag Hy gee dat ons lede sal sorg vir die voortbestaan en welstand van hierdie ras, dat die perde altyd vooropgestel sal word en dat ons sal voortbou, op die promosie soos in 2017.